

# Liturgiese Riglyne

**SONDAGGEND 9:00**

*Jesus jubel omdat die evangelie uitgedra word*

**Skriflesing:** Luk 10:1-24

Jesus Christus was nie net vol blydschap soos die twee en sewentig, omdat die evangelie-sending suksesvol was nie, maar ons lees hy het deur die Heilige Gees dit UITGEJUBEL! Die uitdra van die evangelie is so 'n belangrike saak dat Jesus van blydschap oorgeloop het. So is dit vandag nog ons opdrag om die evangelie met blydschap en dankbaarheid uit te dra. As die Satan in jou pad staan omdat jy voluit vir Jesus werk moet jy bly wees, want dan weet jy Satan beskou jou as 'n gevaar vir hom. Daarom moet ons ambassadeurs wees wat voluit vir God werk, in sy koninkryk.

**Teksvers:** Luk 10:21;  
Luk 11:27-28

**Sing:**

Lied 184:1-4  
Ps 45-1:1,14,16  
Ps 119-1:6  
Ps 31-1:15,16  
Lied 190:1,2,3  
Sb 13-3

Daar is 'n drievoudige blydschap.

- 1 Die vreugde lê in dienswerk. Luk 10:17-19
- 2 Die vreugde lê in ons verlossing. Luk 10:20
- 3 Die vreugde van God se soewereiniteit en genade. Luk 10:21-24

**Orrelis:** Corlea vd Walt  
**Projektor:** Jaco Wattel  
**Klank:** Charl vd Bergh  
**Prediker:** Ds Gerrit Kruger

**SONDAGAAND 18:00**

*Bedoel vir die hel, maar bestem vir die hemel!*

**Skriflesing:** Rom 3:10-12 en  
10:18-21 (NAV); Ef 1 en 2  
(OAV)

Pelagius kom in die 4de eeu met die leer van *die vrye wil* van die mens. Augustinus antwoord teen hierdie dwaalleer met die belydenis van God se genadige verkiesing. In die begin 17e eeu kom Arminius weer met die leer van Pelagius na vore en Ds Gomaris van Nederland antwoord hom met die leer van God se soewereiniteit. Die Dortse Sinode gee genadiglik amptelike uitspraak en dit word ons kerke se belydenis.

**Teksvers:** Efesiërs 1:3  
(DL 1 art 1-6)

**Sing:**

Sb 1-1:1,3  
Ps 130:1,2,4  
Sb 10-1:1-4  
Ps 4:2,3  
Sb 13-3

Ons bekijk vanaand hoe dit gekom het dat mense wat eintlik bedoel is om verlore te gaan, deur die genadige besluit van God (*en nie ons eie besluit nie*), teen alle verwagting in, tog bestem is vir die ewige lewe! As ons die wese van die mens begryp dan word die genade van God so groot dat ons saam met die apostel (en saam met alles wat asem het) net kan jubel: *Aan God kom AL die lof toe!*

**Orrelis:** Danie vd Walt  
**Projektor:** Carina vd Dussen  
**Klank:** Hein Kaiser  
**Prediker:** Ds Maarten van Helden

Ons het verlede Sondag 'n oorsig en inleiding oor die Dortse Leerreëls behandel.

Vanaand begin ons met DL 1:1-6 Volgende week DL 1:7-8. Lees gerus vooraf deur.

# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

Jaargang 44 Nr 04 03 Februarie 2019

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



## Die enigste ware roem

**Gal 6:14** "Maar wat my betref, mag God verhoed dat ek ooit oor iets anders roem as oor die kruis van ons Here Jesus Christus, want deur die kruis is die wêreld vir my dood en ek vir die wêreld."

Paulus het in sy vroeër jare as 'n Rabbi menslikerwys baie dinge gehad om oor te roem, Hy het bo die Jode van sy tyd uitgestyg vanweë sy fanatieke ywer om die kerk van die Here te vervolg, Gal 1:13,14. In Fil 3:1-10 lys hy waarop hy alles sou kon roem. Maar nou het Paulus tot bekering gekom en besef hy die mens het niks om op te roem nie. Alles is genade en ons genade is gesetel in die kruis.

Die kruis was in Paulus se tyd 'n vervloekte, veragte dood en die uiterste voorbeeld van swakheid en skande. En tog het Saulus van Tarsus die krag van die kruis ondervind en Paulus die apostel geword. Die kruis was nou nie meer 'n struikelblok vir Paulus nie maar die fondamentsteen van sy boodskap: "Christus het vir ons sondes aan die kruis gesterf en betaal."

Paulus het besef dat die kruis Vryheid gebring het van homself, Gal 2:20, van die liggaam Gal 5:24 en van die wêreld Gal 6:14. Met die dood en opstanding van Jesus Christus is God se krag geopenbaar en aan ons gegee om vrypraak te kry van sonde en dood. Die vleeslike mens en selfs die wettiese gelowige blaas sy eie roem en ego vir wat hy/sy doen, bevredig sy aardse menswees en doen goed vir die wêreld. 'n Ware Christen roem alleen in die genade wat ons ontvang het deur Jesus Christus se kruisdood en lewe volkome uit dankbaarheid.

Elkeen wat dan in Jesus Christus glo en Hom dien en aanbid is deel van die nuwe, ware Israel. Gal 6:16.

Daarom roem ons saam met Paulus in die kruis van Jesus Christus. Aan die kruis het Hy gesterf, betaal en in ons plek die vervloeking geword vir al ons sondes.

**1 Kor 1:31**

"Daarom, soos daar geskrywe staan: "Dié wat wil **roem**, moet in die Here **roem**."

Ds Gerrit

## ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00  
Engelse Diens: 11:00  
Sothodiens: 12:30  
Afrikaanse Aanddiens: 18:00



Kantoorure: **Ma-Do** 08:00 - 13:00

Telefoon: 012 664 2614

Basdenlaan 226

Faks: 012 664 0004

Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—[kerkkantoor@gkcenturion.co.za](mailto:kerkkantoor@gkcenturion.co.za)

0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 084 263 2055

**DIENSBEURTE:** Ouderlinge: Jan-Louis Bezuidenhout

Alethea: Johan Kruger

Diaken: Vincent de Jager

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk [Riaanvs.home@gmail.com](mailto:Riaanvs.home@gmail.com) 072 436 4763

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES:** [www.gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za)

**LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad ([gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za))

**EREDIENSTE OP INTERNET:** <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON:** TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/[esmel.prins@gmail.com](mailto:esmel.prins@gmail.com) vir navrae

**KATKISASIE:** Vandag: Les 3, Ps 100:3

Volgende week: Les 4, Ps 100:4

**KLEUTERKATKISASIE (2-5jr):** Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 5).

**Kerk se bankbesonderhede:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Takkode: 632005

Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Takkode: 632005

Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters

Bank: ABSA Lyttelton

Takkode: 632005

Rek no: 600 340 417

## Projek 355



Die Susters wil hierdie jaar vir al **355 leerlinge** van die Laerskool **Steynsburg** 'n skoolmus gee vir beskerming teen die ysige koue van die Oos-Kaap. Leerlinge is tussen 4 en 14 jaar oud. Ons benodig asb almal se hulp met hierdie projek.

**Maroon musse** kan gebrei of gekoop word. Plaas musse asb in die gemerkte houers by die tee luik. Die sluitingsdatum vir die projek is Sondag, 21 April, sodat dit nog betyds uitgedeel kan word voor die eerste koue arriveer.

Patroon en wol is beskikbaar – doen navraag by Isabel Nel 083 640 5304.

Voorubaat dankie vir almal se hulp.



## Uitreik na Covenant College (Zambia)

Die Evangelisasie Kommissie beplan 'n uitreik na Covenant College gedurende die Junie/Julie skoolvakansie. Die Kollege bestaan uit 3 bedienings nl: Opleiding van Predikante; "Farming Gods way" en opleiding van kleuterskool personeel.

Daar is dus geleentheid vir mense met diverse gawes om betrokke te raak by die Uitreik. Daar is 'n groot behoefte van die Kollege se prinsipaal en personeel om nouer met Centurion gemeente te skakel. Die behoefte bestaan ook om die Kollege se perseel en prosesse te onderhou en te verbeter.

**Voorlopige datum:** 26 Junie tot 7 Julie

(Insluitend 6 dae se reis tyd.)

**Kostes:** moet nog gefinaliseer word maar sal insluit: petrolkoste vir omtrent 4000km; verblyf vir ten minste 4 aande; kos en grenskostes. Verdere inligting sal volg.

Indien u belangstel skakel vir Attie van der Walt (0824935328) vir meer inligting.

## BYBELSKOOL van CENTURION

bied aan

### Virtuele toer van die Bybelse lande

olv Ds Maarten van Helden

Ter wille van die beter verstaan van die Bybel behandel ons hierdie kwartaal die agtergrond van die Bybel aan die hand van video's en foto's uit die Bybelse lande.

Ons bekyk die algemene geografie en argeologie en gegewens uit opgrawings. Ons kyk na die natuur en omgewing en hoe die mense in Bybelse tye gelewe het. Wat weet jy van die Olyfboom en die Amandel-boom wat so dikwels as metafore in die Skrif gebruik word? Hoekom wou Nabot nie sy wingerd aan koning Agab verkoop nie? Ons beantwoord sulke vrae.

Kom ons doen saam in-diepte-Bybelstudie oor verskeie temas aan die hand van hierdie video's.

Datum: 5 Februarie—12 Maart 2019

Plek: Kerksaal Geref Kerk Centurion

Tyd: 19:00 Elke Dinsdagaand

Koste: R100 pp



## Nuwe Intrekkers

Daar word Woensdagaand,

**6 Feb om 19:00**

'n verwelkomingsfunksie gehou vir alle nuwe intrekkers in die gemeente.

Alle nuwe lidmate van die afgelope **drie maande** is welkom om die funksie by te woon.

**Pierre Struwig—082 688 7495**

## LUS VIR KUIER HIERDIE JAAR?

1 Maart: Kaas en Wyn

18 Mei: Kuier om die laaang tafel onder die sterre



19 Julie: Sop en Sjerrie

16 Aug: Pret & Pannekoek

Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (664-0685) [centurionflorist@discovery.mail.co.za](mailto:centurionflorist@discovery.mail.co.za).

Ten volle toegeruste vakansiehuis tussen Margate en Port Edward te huur. Huis huisves 8 persone en woonstel 2. Wye see-uitsig en lekker swemstrande. Ignatius Viljoen 0661765471.

**Dependable maintenance** for any maintenance work and renovating. Free quotes. Hennie vd Walt [hj2vdwalt@gmail.com](mailto:hj2vdwalt@gmail.com)/082 927 4326.

**Pilatesklasse** in Zwartkop—Om liggaamshouding te verbeter, fiks te word of soepel te bly. Elmé Fabricius 060 994 8023/[www.pilatescore.co.za](http://www.pilatescore.co.za) vir meer inligting.

**Enkel tuinwoning te huur** Lyttelton/Kloofsig R4 500 pm + R600 elek. S/k, woonvertrek met oopplankombuis en bk. Motorafdak beskikbaar. Deposito R5 100. Sophié Kruger 072 803 4057.

**Soek werk**— Plaasbestuurder/instandhouding; voertuigbestuur; verkope, toesighouding. Ek diens ook motors. Jan O'Reilly 082 210 1819.

**Betroubare tuinhulp** soek werk Ma-Wo, Vry. Kontak ds Gerrit 082 964 5595.

## Centurion Christelike Laerskool - méér as die gewone!



CCL is 'n bekostigbare onafhanklike laerskool wat begin is deur ouers wat hulle kinders wil laat skoolgaan in *dieselfde gees as wat by hulle huis en kerk is*. Hierdie skool en naskool is dus 'n *keuseskool* vir gelowige kinders. Die 17-jaar-oue laerskool is bekend vir uitstaande *akademiese* standaard, daaglikse en doelgerigte *geestelike* inskerping en opbou, gesonde *sport* en *kultuur*, asook die feit dat CCL 'n *Eko-skool* is.

Leerders **vanaf 5 jaar (RR) tot Graad 7** is welkom. Volle besonderhede is op die *CCL-webblad*. CCL se *facebook* gee 'n kykie van wat in hierdie *skool* gebeur.

**Februarie is Opemaand:** dus is enigeen welkom om enige dag te kom kyk wat die skool bied.

**15 Februarie is dit OPEDAG. Die aand vanaf sesuur is dit Aandjie-uit – leerders word vermaak terwyl die ouers die aand alleen kan uitgaan. Ideaal om dan te kom inloer!**

*Navrae* kan ook gerig word deur 'n *e-pos* te stuur na [skool@lscenurion.co.za](mailto:skool@lscenurion.co.za) of om te *bel*: 0126547577 (skoolure) of 0825416388 (na 14:00 bedags). 'n *Paar ouers (met hulle leerder(s) se graad tussen hakies)* kan gekontak word vir *eerste-handse inligting*.

Cobus en Tessa Buys 0836337208; 0836622924 (Gr 5, drie deur CCL in hoërskool)

Ronel en Maadian Botha 082445 3805; 0825578818 (Gr 6)

Adelaide en Joff v Schalkwyk 0828223067; 0823768330 (Onderwyseres, Gr 1 en 7)

Izak en Anneke van der Merwe 0849102604; 0722077532 (Gr 5)

Martin en Liza Maritz 0827747743; 0835060692 (Gr 4 en 1)

Richard en Yvette Uren 0728057487; 0792776480 (Gr 2)

Morne en Shirleen Lourens 0828968810; 0836157043 (Gr 2 en 3)

## O e f e n s ó . . .

Doen jou knie-oefeninge - *Bid gedurig.*

Doen jou armoefeninge - *Reik uit na ander.*

Doen jou asemhalingsoefeninge - *Die Bybel sê almal wat asemhaal, moet die Here loof.*

Doen jou ontspanningsoefeninge - *Vertrou volkome!*

## Ons gee om vir Mekaar

"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6

- Aster Viljoen sterk aan in Unitas Hospitaal (A12—644 2062).
- Gerrie en sy vrou Rita Smit sterk tuis aan (C3—082 316 5968).
- Leon Venter sterk aan na 'n operasie (A13—082 455 7149).

*Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra*

## Alethea Ministry 11:00

Worship Service and Sunday School

Like us on facebook: <https://www.facebook.com/aletheaministry/>

"Die Here het die fondament van die aarde met wysheid gelê en die hemel gebou met insig."

Spr 2:19



## KOLLEKTES

Van dag tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerklike tydskrifte



Kollektes word nog steeds in banke/deure opgeneem vir diegene wat nie Zapper gebruik nie



Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Teologiese studentekas

**Plaas asb u bydraekoevertjies in die konsistorie se kluis**

## Senior Aksie

Die Seniors vergader **Maandag, 4 Feb 2019**  
om **10:00** in die saal.

Magdi Kruger, 'n Arbeidsterapeut kom met ons  
praat oor:

**“ Oud word is nie vir sissies nie ”**

Dit belooft om baie interessant te wees. Na die  
praatjie geniet ons verversing en kuier lekker  
saam.

Die jaargeld vir 2019 van R80,00 per persoon is betaalbaar. Onthou ook jul  
vrywillige bydrae vir Eljada Huis.

Indien daar persone is wat 'n vervoer probleem het kan hulle met enige van die  
bestuurslede skakel:

Albie Venter 083 631 6638      Liesje Kuperus 083 481 1160  
Lena Malan 083 457 7294      Ansie van Dyk 076 440 3323  
Thinus en Ina Nel 083 384 2886

Alle belangstellendes en nuwe lede word uitgenooi om die oggend saam met  
ons, deur te bring.



## KAAS EN WYN



**Vrydag 1 Maart 2019**  
18h30  
Kerksaal

Volwassenes: R150  
Hoërskool kinders: R100  
Laerskool Kinders: R50

**KAARTJIES OP DIE STOEP BESIKBAAR**

## VERJAARSDAE

“...U sorg vir my.” Ps 16:5  
**BELYDENDE LIDMATE**

|        |          |              |      |              |
|--------|----------|--------------|------|--------------|
| 03-Feb | Danie    | Erasmus      | B05  | 082 577 2862 |
|        | Gerrit   | van Zyl      | C13  | 083 304 0338 |
|        | Karin    | Venter       | B14  | 084 304 7881 |
| 04-Feb | Louise   | Hefer        | A07  | 082 465 0498 |
|        | Paul     | Hugo         | B15  | 082 462 1902 |
|        | Deon     | Pohl         | A10  | 082 450 2720 |
|        | Heleen   | v Schalkwyk  | B14  | 072 436 4763 |
|        | Marcel   | Wilson       | C12  | 082 903 0552 |
|        | 05-Feb   | Heinrich     | Buys | B09          |
| Mandie |          | Cloete       | A09  | 082 562 5296 |
| Gert   |          | Janzen       | C05  | 061 061 7640 |
| Anita  |          | Snyman       | B10  | 078 291 1999 |
| 06-Feb | Gert     | de Beer      | C07  | 083 252 7755 |
|        | Jaco     | vd Bergh     | C07  | 084 208 4413 |
| 07-Feb | Laetitia | Cassidy      | B13  | 082 572 8887 |
| 08-Feb | Dorothy  | Kruger       | B12  | 082 461 7405 |
| 09-Feb | Anton    | Lubbe        | A09  | 084 514 6317 |
|        | Eddy     | Niezen       | C13  | 083 455 2760 |
|        | Louise   | Roets        | C11  | 082 560 8209 |
|        | Louise   | van Rensburg | C08  | 074 889 0921 |



## DOOPLIDMATE

|        |           |            |     |              |
|--------|-----------|------------|-----|--------------|
| 03-Feb | Miané     | de Jager   | C05 | 082 582 2600 |
|        | Marthinus | v Staden   | A09 | 072 367 1182 |
| 05-Feb | Miané     | Bloemhof   | B02 | 082 823 3612 |
|        | Isabella  | vd Berg    | A01 | 082 924 5178 |
| 06-Feb | Sofie     | vd Berg    | A05 | 083 376 1506 |
| 08-Feb | Francois  | Admiraal   | B06 | 082 451 7884 |
|        | Cara      | Erasmus    | B09 | 072 233 5205 |
|        | Martin    | van Rooyen | C15 | 082 824 2545 |
| 09-Feb | Zane      | Cloete     | A09 | 082 562 5296 |

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit vir  
die diens, skink en opruim na  
die erediens is in die kombuis  
opgeplak.



|        |     |                      |
|--------|-----|----------------------|
| 03-Feb | B05 | Hester van der Merwe |
|        | B06 | Liesje Kuperus       |
|        | B08 | Anneri Jankowski     |
|        | B09 | Rika Pretorius       |
| 10-Feb | B10 | Anita Snyman         |
|        | B11 | Karin Verreyne       |
|        | B12 | Cora Badenhorst      |
|        | B13 | Mieke van der Smit   |

## SUSTERSAAMTREK 2019



Datum: Saterdag, **9 Maart**

Tema: Om-gee-wingsbewus

Spreker: Prof. Albert Coetsee  
Annabé Pretorius

Plek: NG Kerk Magalieskruin

Koste: R 150

**RSVP: 6 Februarie**

Skryf jou naam op by die Olyfboom.

Kontakpersoon: Rika Kruger  
(0768347774)

